NG Kerk-lidmate: verbruikers wat kies?

Kobus Schoeman

Die kerk en elke gemeente bestaan uit sy lidmate. Dit is die boustene van elke geloofsgemeenskap.

Een van die belangrikste kritiese vrae is of ons meer of minder word. Groei ons of kwyn ons? Watter verskuiwings is besig om plaas te vind en watter patrone kan uit die samestelling van die lidmate afgelei word? Lyk die lidmate maar soos tien en twintig jaar gelede?

Dit is makliker om eers algemene tendense uit te wys. Binne die groter prentjie van die kerk het elke gemeente 'n eie unieke situasie. Grafies kan die tendense oor lidmaatgetalle van die afgelope aantal opnames só voorgestel word:



'n Eerste algemene opmerking is dat die totale lidmaattal oor die afgelope tien jaar relatief stabiel gebly het. Dit geld veral die belydende lidmate in die NG Kerk wat op ongeveer 900 000 bly. Dooplidmate daal deurgaans met elke opname. Dié daling was die afgelope tien jaar ongeveer 100 000. Mense word ouer en minder babas word gebore. Dit is tipies van 'n ouer wordende bevolking. Dié tendens kan saamgelees word met die veroudering van die blanke bevolking.

Wat is die invloed van emigrasie op die kerk se lidmaattal?

Geen amptelike statistiek is beskikbaar nie, daar kan slegs met ramings gewerk word. Die *South African Institute for Race Relations* raam dat ongeveer een miljoen blankes die land tussen 1995 en 2005 verlaat het. As dié syfer as vertrekpunt aanvaar word, kan geredeneer word dat die kerk waarskynlik beter gedoen het as wat algemeen verwag kan word.

Die punt is dat daar nie 'n grootskaalse uitvloei uit die NG Kerk was nie. Dit kan selfs wees dat dit ten spyte van emigrasie effens gegroei het. Dit is egter ook waar dat die kerk nie groei as gevolg van 'n groot aantal nuwe lidmate wat vir die eerste keer deel van die kerk word nie. Die tendense lyk té veel na demografiese tendense en nie na dié van 'n groeiende missionale kerk nie.

Wat kan uit die samestelling van die kerkbevolking afgelei word?

In 1981 was tweederdes van lidmate belydend en 'n derde dooplidmate. In 2006 is 77% belydende lidmate en 23% dooplidmate.

Die 2006-opname vra die eerste keer na die aantal lidmate ouer as 60-jaar. Twee en twintig persent van lidmate in 2006 was ouer as 60. Dit beteken dat daar byna net soveel lidmate ouer as 60 is as dié wat jonger as 16-jaar is. Die kerk is dus beslis besig om te vergrys, en dit teen 'n stygende tendens.

Twee kritiese vrae kan gevra word:

- Hoe dink ons oor dooplidmate? Wat kan gedoen word om die tendens van vergrysing om te keer? Word genoeg gedoen om dooplidmate te begelei op hulle geloofspad en om hulle binne die gemeente te behou en te versorg?
- Hoe lyk die kerk se bediening aan lidmate ouer as 60-jaar? Daar lê waarskynlik 'n enorme potensiaal in dié gedeelte van die kerk. Is daar 'n effektiewe bediening aan senior lidmate? Die afhanklike en verswakte bejaarde gaan ál groter bedieningseise aan die kerk en gemeentes stel.

(Vanaf bl 6)

Hoe skuif lidmate tussen gemeentes rond?

Om dié vraag te beantwoord, is dit nodig om tussen *denominasionele* en *gemeentelike* migrasie te onderskei.

- *Denominasionele migrasie* verwys na lidmate wat die NG Kerk verlaat en by ander denominasies aansluit, of na lidmate van ander denominasies na die NG Kerk toe oorkom. Die getal behels minder as 1.5% van die totale kerkbevolking. Die kerk het na raming 'n "wins" van ongeveer 5 000 lidmate (2004 tot 2006) gehad. Ten spyte van individuele omstandighede waar groter persentasies lidmate gemeentes verlaat en dit dié gemeentes se voortbestaan bedreig, is dit binne die groter prentjie egter beslis nie 'n belangrike tendens nie – 'n feit wat verskeie vorige opnames al bevestig het.
- *Gemeentelike migrasie* is 'n veel belangriker saak. Lidmate beweeg ál hoe meer en gemakliker tussen verskillende NG gemeentes rond. Hulle kies ál meer by watter gemeente hulle wil inskakel. Dit kan nie meer as vanselfsprekend aanvaar word dat lidmate inskakel by die gemeente binne wie se geografiese grense hulle woon nie. Dié vorm van migrasie word as *gemeentelike migrasie* beskryf.

  Dié vraag is die eerste keer met die 2000-opname gevra. Meer as 160 000 lidmate het na raming in 2006 by 'n gemeente anders as die een waarbinne hulle woon, ingeskakel. Dié vorm van migrasie styg tot 14% van die totale lidmaattal en verdubbel oor die afgelope ses jaar van 2000-2006. Dié syfer is in alle waarskynlikheid nog hoër, want die raming is gegrond op "amptelike" kerkkantoorsyfers.

Die kritiese vraag in dié verband is hoe dink ons oor kerklidmaatskap? Lidmate kies ál hoe meer sélf die gemeente waarby hulle wil inskakel. Sou dit beteken dat gemeentes toenemend in kompetisie met mekaar kom weens lidmate wat as "verbruikers" ál hoe meer begin kies van watter "produk" hulle hou?

Dit kan die kerk net baat om weer nuut en kreatief oor lidmaatskap te dink. Daar sal spesifiek gedink moet word oor lidmate se lojaliteit teenoor die NG Kerk in die breë, en hulle lojaliteit en verbintenis aan die plaaslike gemeente.

● *Kobus Schoeman is die afgelope 14 jaar leraar van Riviera in Pretoria.*

Verbruikers of geroepenes?

Malan Nel

Ons word ouer en ons kinders minder. Dit is 'n empiriese werklikheid.

Volgens die syfers is ons redelik onaangeraak deur denominasionele migrasie. Hieroor moet ons tog eg bly wees.

Albei syfers sê ook iets anders. Kobus Schoeman wys op drie ernstige bedieningsimplikasies:

- Wat doen ons met dooplidmate?
- Hoe bedien ons die oor-sestigs?
- Hoe dink ons oor lidmaatskap?

Vier vrae wat my nie wil loslaat nie, is:

❑ Hoe hervorm ons die geloofsontwikkeling van dooplidmate tot in sy wortel? Hoe word ons 'n kerk en gemeentes in konteks wat radikaal nuut dink oor kerkwees, en een wie se kategese dit weerspieël? Het NG lidmate 'n kerkbegrip en selfs gemeentelike lojaliteit? Ek bedoel nie modernistiese lojaliteit nie, maar roeping-tot-vernuwing(reformasie)-lojaliteit. Watter teologie sal vir ons hierdie uitkoms lewer?

❑ Hoe benut ons dooplidmate in 'n missionale bediening sodat hulle weet dooplidmate is wesenlik deel van die geloofsgemeenskap? Ek dink dit is redelik bo verdenking: Jy verloor nie maklik mense wat in 'n bediening ingetrek word nie.

❑ Werk NG gemeentes, en ons almal, aan die ontwikkeling van 'n kultuur waar lidmate nie by aftrede uit die bediening uittree nie? Die grootste werksmag in die VSA is vrywilligers en die meeste hiervan is afgetredenes. Haal ons kerkbegrip of gebrek daaraan ons hierby in? Gemeentes met baie afgetredenes behoort die sterkste gemeentes te wees!

❑ Het ons al die verband lidmaatskap-dissipelskap goed genoeg deurdink? Is groot (baie lidmate) noodwendig wat ons soek? Net so min as wat klein suiwer is, is groot effektief. Is 'n gemeente wat tot nader aan sy dissipelgrootte verklein nie miskien missonaal méér effektief nie? En wanneer ons kleiner word, word ons nie om die regte redes ook meer "gesuiwer" tot effektiewe missionale relevansie in elke omgewing waar daar 'n gemeente is nie?

Ek is in die versoeking om op die vlak van die verbruikersmentaliteit en oorgrens-lidmaatskap ook te vra: Kan ons die kontekstuele relevansie van die oorgrens-lidmate al meet? Ek bedoel die "waar-ek-bly"-relevansie. Ons is tog seker al "daar" dat ons nie "is waar ons is" omdat grense ons daartoe verplig nie, maar omdat roeping en integriteit ons daartoe "dring", … of hoe?